

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 19 - nr. 49.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

8 Desember 2019

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

EREDIENS VANOOGEND: Dr. Petrus Venter

Voorsang:

Sb. 5-4 (10) : 1,2,5,6

Ontmoetingsdiens:

Votum en seën

Sing: Ps. 68:1,2

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: Ps.33:7,8

Gebed

Woorddiens:

Sing: Ps. 45:5,6

Skriflesing: Openbaring 4

Teks: Openbaring 4:2

Preektema:

Die geopende deur in die hemel ...

Antwoorddiens:

Liefdesdiens kollekte: In die banke- DVB

By die deure- Bediening vir Postmasburg

Sing: Sb.18-1 (9):1,2

Wegstuurseën

Preekskets

Wat is die belangrike dinge om in gedagte te hou as ons uit die boek Openbaring lees? Dis 'n troosboek, dis 'n tekenboek, dis 'n boek van toekoms en verlede, dis 'n boek wat God in die hemel op besondere wyse baie naby aan hierdie aarde bring. In baie opsigte is aarde en hemel een. Dis 'n boek vir die kerke van die Here ...

Kerklike sake word nie soseer op kerklike wyse of alleen op christelike wyse aangespreek nie, maar word op Christus-wyse aangespreek. Christus as Hoof van die Kerk het elke gemeente afsonderlik selfstandig in sy kerk-wees tot op die been van sy kerklike liggaam oopgesny. Nadat Johannes die briewe geskryf het, die Kerk het gehoor wat hulle moes hoor.

Wat is daar om raak te sien as 'n deur in die hemel vir ons só oopgaan dat dinge nie net vanuit aardse kerklike perspektief gesien word nie, maar Johannes na die hemelse weggeruk word met wat in vers 1 en 2 van hoofstuk 4 met hom gebeur het. *1 Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. 2 En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon. By al die baie dinge om in die hemel raak te sien, wil dit voorkom hoofstuk 4 bepaal die sake tot hierdie drie sake as ons hoofpunte vandag- **Daar is 'n troon. Daar is 24 ouderlinge. Daar is 4 hemelse wesens.***

KOLLEKTES

Vandag: 8 Desember 2019

In die banke: **Diens van Barmhartigheid**

By die deure: **Bediening vir PMG**

Sondag: 15 Desember 2019

- In die banke: **Diens van Barmhartigheid**

By die deure: **Sustentasië Klassis**

WYK - DIENSBEURT

Vandag – 8 Desember 2019 – **Wyk 3**

- **Ouderling:** Br. Andre Erasmus
- **Diaken:** Br. Viljoen v/d Walt
- **Wyksusters:** Sr. Lientjie v/d Walt

Volgende week – 15 Desember 2019 - **Wyk 4**

- **Ouderling:** Br. Albertus Viljoen
- **Diaken:** Br. Ferdie Nel
- **Wyksusters:** Sr. Louise Viljoen

MEELEWING

- Die troos van die Heilige Gees word sr. Kotie Riley en ook die Reinecke-families en geliefdes toegebied na die afsterwe van br. Johan Riley. Die troosdiens het Vrydag plaasgevind. Mag die Here in hierdie dae berusting in wat Sy wil was aan elkeen skenk.
- Ons dink in ons gebede aan sr. Marie Fourie wat 'n reeks van bestralings in die tyd moes ontvang. Mag die Here vir haar en hulle familie in besonder naby wees. Sy hoop om wel die naweek weer huis-toe te kom. Ons dink in besonder aan haar, br. Bertie, sr Koos en familie in swaar tyd.
- Ons dink aan sr Annelie Williams wat haar rug vir haar met tye baie pyn veroorsaak. Ons bid haar spoedige en volkome herstel toe met die verdere behandeling.
- Ons wil in hierdie tyd van uitermate droogte en swaar toestande vir ons boere op die plase wat knellend op gesinne en families inwerk van ons voorbidding verseker. Mag die Here wat alleen die uitkoms kan gee ons genadig wees. Ons is dankbaar vir die reën wat wel in die week wydversprei voorgekom het. Ons vertrou dat daar spoedig nog groter opvolg mag wees.

VERJAARSDAE

Maandag 9 Des Sr. Ans v/d Berg

Sondag 15 Des Sr. Daleen Erasmus

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Ons bedieningshulp in Groenwater het in die laaste maande weer kon hervat. Daar bly uitdagings maar ons vertrou in dit wat reeds hanteer is en aangespreek kon word, daar wel daarop voortgebou kan word.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

BEROEPE ONTVANG: Ds OJ Struwig (Ockie) van GK Frankfort na GK Pretoria

Ds. HJ Briel (Hennie) van GK Petrusburg/Boshof na GK Kimberley

Proponent MD Meijer (Dirk) na GK Bloenburg en na GK Daspoort

Proponent DH Verryn (Hendrik) na GK Potchefstroom-Suid

BEROEPE AANVAAR: Proponent MW Kruger (Thinus) na GK Newcastle

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by

<http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-klasse vind Sondae na die ereadiens by die kerk plaas. Afgesluit vir die jaar.

Die Voor-belydenisklas vind Sondae 'n kwartier na die ereadiens ook by die kerk plaas. Ons het vir die jaar daarmee afgesluit.

Ons Belydenisklas en ook volwasse kategese klasse vind Maandae-middae plaas. Reëlings met die groepe sal steeds deur WhatsApp via ons kerkgroep deurgegee word. Ook afgesluit vir die jaar.

KERKKANTOOR

Ons is opsoek na ou koerante by die kerkkantoor.

Die Kerkkantoor is besig met die opstel van die 2020 kalender. Enige voorstelle en veranderings kan aan die kerkkantoor deurgegee word.

DORKAS- SUSTERS

Huis Jan Vorster-mandjie – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie voor in die portaal geplaas word. Hulle ondervind die laaste tyd veral 'n tekort aan **doeke, Prep en aqueous room**. Die inwoners het ook hulle hartlike dank uitgespreek vir dit wat alreeds geskenk is.

BYBELSTUDIE

Bybelstudie Maandae 19h00 Aandgroep

Bybelstudie Dinsdae 10h00: Oggendgroep

Ons gaan DV volgende jaar voort met die reeks rondom die gebede uit God se Woord.

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons tee-drink lokaal na die ereadiens.

GEMEENTEKAMP

Merk die datum: 3 tot 5 April 2020

OMGEWINGSPITKOS – Dr. Peet van der Walt

Vertroue is 'n waarde wat gewin en gekoester moet word en kan alleen tot sekerheid in ons aardse huishouding se verhoudings lei. 'n Baie suiwer openbaring van vertroue vind ons in die geloofsluwe waar ons God se liefde vir en versorging van die Skepping moet deel en nie 'n belangeloosheid daarvoor vertoon nie. Ons is goed om die regte besluite rakende omgewingsbestuur te neem maar haper met die uitvoering daarvan. Sorg dus dat wantroue nie in jou onderlinge betrekkinge posvat nie, nes vertroubaarheid 'n verneme geheim van 'n gelukkige huweliksluwe is.

Die hart van haar man vertrou op haar en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie (Spr 31 : 11).

KALENDER (JAARBEPANNING) IN ELEKTRONIESE FORMAAT

As u graag u dagboek in elektroniese formaat op u selfoon wil plaas kan u op ons webwerf die toepassing en beplanning aflaai wat dit deur *Microsoft Outlook* vir u moontlik maak. Die inligting is gestoor op die Tuisblad onder die lêertjie [pmg_calendar.ics](http://bit.ly/2D0uRqf)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met 'n droogte ongekend en ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

In November wil die predikant graag op wyke 5 en 6 konsentreer met huisbesoeke. Hy sal u kontak om afsprake vas te maak. As enigiemand uit van die ander wyke wel behoefte het dat hy vroeër by u moet uitkom, moet asseblief nie aarsel om hom te kontak nie.

HUISBESOEKE DEUR DIE OUDERLINGE

VERGADERINGS:

Volgende kerkraadsvergadering vind DV 19 Februarie 2020 plaas.

Verslag van die Finansiële Kommissie

Van die kommissie se kant af wil ons u graag bedank vir u bydraes en ons doen 'n beroep op lidmate om so vol te hou. U is welkom om met enige lid van die finansiële kommissie te skakel indien u navrae het.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571

Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae 09h00 - 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster			
Orrelis			
Kassiere	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	28
Bydrae: Dankbaarheids Fonds	R 744.00
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	R 818.00

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za